

Gereformeerde Kerk Bellville – 25 November 2018 – Nagmaal

Sing vooraf staande: Psalm 86:4, 5 (p. 432)

- 4 'k Is gewoon in bange dae / my benoudheid U te klae:
U, o HEER, is dan naby, / U verhoor en antwoord my.
By die gode, hoog in ere, / is daar niemand soos die HERE;
en geen aardse werk hou stand / by die werke van sy hand.
- 5 Al die volke^oin heidenlande – / eie maaksel van u hande –
sal hul neerbuig voor U, HEER, / en u Naam aanbiddend eer.
Want u grootheid ken geen perke; / U alleen doen wonderwerke:
daar 's geen God naas U, geeneen, / U is God, ja, U alleen!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 118:12, 13 (p. 579)

- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.
Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –
dit is die dag van grote dinge, / die gloriëteken van u mag.
- 13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die HEER se Naam;
geseënd uit die HEER se woning / is volk en Koning altesaam.
Die HEER, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;
bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 65:2, 3 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregtighede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.
- 3 Ons al ons in u huis versadig / met hoogste gunsbewys:
met heil'ge goed wat U milddadig / laat stroom uit u paleis.
U antwoord ons in reddingsdade: / gedug is U in mag
Ons prys die blyk van u genade; / die vyand toon ontsag.

Gebed

Psalm 73:10, 11 (p. 369)

- 10 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –
U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.
U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,
en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlikheid.
- 11 Wie het ek in die hemel, HEER – / wie kan ek newens U begeer?
Wat het ek waar my hart, onrustig, / hom op die aarde^oin kan verlustig?
Beswyk dan ooit in bitter smart / of bange nood my vlees en hart,
dan sal U wees vir my gemoed / my rots, my deel, my eewige goed.

Skriflesing: Rigters 6:33-7:18

Kernverse: Rigters 7:9-11a

En daardie nag het die HERE vir hom gesê: Staan op, gaan af in die laer, want Ek gee dit in jou hand. En as jy bang is om af te gaan, gaan jy dan saam met jou dienaar Pura af na die laer toe en luister wat hulle praat; en daarna sal jou hande sterk word, en jy sal in die laer aftrek.
(Rigters 7:9-11a AFR53)

Tema: Die Here neem sy dienskneg van bang wees tot vertrou

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, dit is dikwels makliker om jousef tot iets te verbind as dit nog net iets is waaroor daar gepraat word. Maar wanneer die werklikheid tot jou deurdring en jy moet nou doen waartoe jy jou verbind het, is jy dan nog so gewillig en opgewonde om te doen waarvoor die Here jou geroep het?

Dit is maklik om in 'n Bybelstudie vir mekaar te sê dat dit is wat die Here van my en jou verwag wanneer ons in die wêreld ons werk gaan doen. Wanneer 'n kollega by die werk die Here se Naam ydellik gebruik, weet ek dat ek nie maar net kan stilbly nie. In die Bybelstudiegroep het ons mekaar aangespoor sodat ons die moed het om te gaan doen wat die Here van ons verwag. En toe jy die volgende dag weer hoor hoe die kollega die Here se Naam misbruik, het jy toe met hom daarvoor gepraat?

Daar is nog vele ander voorbeelde waar gelowiges mekaar met die Woord aanspoor om uit te gaan en te doen wat die Here ons leer en beveel. Ons sê vir mekaar dat ons nog meer die evangelie van Christus aan ander mense moet vertel, en ek neem my voor om nou vir eens en vir altyd van 'n troetelonde ontslae te raak. Vul maar in waaroor jy ook al aan-gespoor is deur die Here en waaroor jy opgewonde was om te doen. Maar as ons terugkyk om te sien wat van al daardie voornemens van ons geword het, moet ons oor baie van hulle tot ons eie skaamte sê: Ek was te skrikkerig om dit te doen, daarom het ek eerder niks gedoen nie.

Broers, susters, en kinders, wanneer die Heilige Gees vir ons vertel van die mense wat die Here in die verlede gebruik het as sy diensknegte, word hulle nie vir ons geteken as mense wat alles presies gedoen het soos die Here beveel het nie. Die Here maak seker dat ons nie sal dink dat hulle volmaakte mense was wat geen foute gemaak het nie. Met hulle foute en al vertel die Here ons wat Hy doen sodat sy diensknegte hulle tekortkomings en foute kan oorwin sodat hulle die bruikbare instrumente in sy hand sal wees wat Hy wil hê.

Toe die Here vir Gideon gekies het as rigter vir sy volk was Gideon nog nie die dapperheid van wie die Engel van die Here gepraat het nie. Gideon was bang vir die Midianiete. Hy het gebukkend in 'n parskuip gestaan en koring uitslaan. Hy noem homself die geringste in sy familie en sy familie die swakste in die hele Manasse stam.

Die Here het vir Gideon verseker dat Hy met hom sal wees en dat Hy die Midianiete in Gideon se hand sal oorgee. Tog sukkel Gideon om die beloftes van die Here te glo. Daarom wou hy eers 'n gawe aan die Here bring om seker te maak dat hy regtig guns in die oë van die Here gevind het. Toe die Engel van die Here die gawe van Gideon aanvaar het en skielik verdwyn, het Gideon bang geword, want Hy het die Here gesien.

Die Here het vir Gideon bemoedig en gesê hy moenie vrees nie, want hy sal nie sterf nie. Daardie selfde nag nog het die Here vir Gideon beveel om die altaar van Baäl en die heilige boomstam af te breek waar die mense van Ofra die afgode aanbid. Gideon het dit gedoen, maar in die nag, want hy was bang vir sy familie en die manne van die stad.

'n Tyd nadat Gideon die altaar van Baäl afgebreek het, het die Midianiete, Amalekiete en die mense uit die Ooste die Jordaanrivier oorgesteek en kamp opgeslaan in die Jisreëlvallei. Dit was hulle jaarlikse strooptogtyd. Die Midianiete en hulle bondgenote was honderd vyf en dertigduisend man sterk (Rig 8:10). Die oomblik waarvoor die Here vir Gideon as rigter aan-gestel het, het nou aangebreek. Daarom het die Gees van die Here Gideon vervul en hy het die ramshoring geblaas om die manskappe vir die oorlog op te roep.

Gideon het hom deur die Gees van die Here laat lei en hy het gehoorsaam gevolg. Daarop het die Here uit Manasse, Aser, Sebulon en Naftali twee en dertigduisend manskappe na Gideon toe laat opgetrek. Die werklikheid van wat moet gebeur, word meer en meer duidelik vir Gideon. Die vyand is in hulle hordes saamgetrek in die Jisreëlvallei en hier is 'n volle

twee en dertigduisend Israëliete by Gideon. Dit gebeur mos wanneer al die dinge so vinnig in plek val vir die groot taak wat jy moet gaan verrig, dat jy begin wonder – is ek op die reg-te koers? Moet ek voortgaan? Sê nou dinge loop skeef? Sal die Here my werklik seën in hierdie onderneming?

Gideon het ook gewonder. Hy het gewonder of die Here regtig saam met hom sal wees sodat hy Israel kan verlos soos wat hy moet. Daarom het hy weer vir 'n teken by die Here gevra sodat hy seker kan wees. Uit genade het die Here vir hom die teken gegee. Maar soos wat dit nou maar gebeur wanneer 'n mens nie die Here se beloftes glo nie, het Gideon ook getwyfel of hy die regte teken gevra. Daarom het vir 'n derde teken gevra wat Here ook gegee het.

Hierdie tekens wat Gideon met die wolvlies gevra het, was nie 'n bewys van sy geloof nie. Dit is net mooi die teenoorgestelde. Hy soek na die Here se wil. Dit is 'n desperate gryp na sekerheid deur iemand wat reeds weet wat God se wil is, maar te bang is om God se wil te doen. Die Here het reeds belowe dat Hy met Gideon sal wees en aan hom die oorwinning sal gee en hy het reeds 'n teken ontvang toe die Engel van die Here sy gawe aanvaar het.

Gideon se soeke na nog twee tekens was nie 'n bewys van sy geloof nie, maar van sy swak geloof. Tog het die Here Gideon se swak geloof tegemoetgekom. Met die tekens het die Here Gideon verseker van sy nabyheid en sy krag aan hom. Daarna was Gideon gereed om die Israëliete teen die vyand te lei. Soms soek Christene ook na tekens om sekerheid te kry oor God se wil.

Die Here weet dat jou en my geloof nie altyd sterk genoeg is nie. Daarom het Christus vir ons die twee sakramente ingestel. Deur die sakramente te gebruik laat Hy ons die belofte van die evangelie nog beter verstaan. Hierdie belofte is dat God ter wille van Christus se enige offer aan die kruis aan sy kinders vergewing van sondes en die ewige lewe uit genade skenk. Dus, in plaas daarvan om vir nog tekens te vra, is dit beter om die Here se beloftes eenvoudig te vertrou en gelowig voort te gaan met jou opdrag.

Iemand kan nou vra: Maar hoe sal ek die wil van God te wete kom oor iets wat Hy nie in die Bybel openbaar nie? In sulke gevalle, lyk dit my, moet 'n gelowige bepaal wat God

tevrede sal stel deur te bid en met ander gelowiges te gesels omdat hulle ook deur die Heilige Gees gelei word.

Kyk net hoe het die Here vir Gideon voorberei. Die Engel van die Here het aan hom verskyn; Gideon het homself daartoe verbind om die Here te gehoorsaam; hy het die Here gehoor-saam toe hy openlik vir die Here opgestaan het en die Gees van die Here het hom vervul. Wanneer die Here sy mense beveel om iets te doen en hulle laat hulle deur die Heilige Gees lei om te gehoorsaam dan versterk die Here self hulle swak geloof.

Die Here het Gideon se swak geloof tegemoetgekom toe Hy hom met die twee tekens van die dou en wolvlies verseker het – Hy is met hom en Hy sal aan hom krag gee – want die volgende opdrag sou sy swak geloof tot die uiterste beproef. Israel het twee en dertigduisend manskappe en die Midianiete het 'n weermag van honderd vyf en dertigduisend. Die Here sê vir Gideon die manskappe is te veel. In die wet het die Here bepaal dat die manne wat bang is vir oorlog eerder huis toe gestuur moet word (Deut 20:8). Gideon moet nou die manne wat bang is en bewe toelaat om huis toe te gaan. En toe hulle weg is, was daar net tienduisend manskappe oor.

'n Mens sou kon dink dat 'n mens met tienduisend dapper manne 'n oorlog sal kan voer, maar die Here sê dit is nog te veel. Daarom moes Gideon die manne afbring na die water toe. Daar sal die Here self vir hom sê watter manne by hom moet agterbly. Uiteindelik het die Here net driehonderd manskappe laat oorbly. Nog voordat die Here die manskappe van Israel verminder het, het Hy gesê hoekom Gideon nie so baie manskappe in die oorlog moet neem nie. Israel moet nie kan sê dat hulle hulleself van die Midianiete verlos het nie. Hulle moet in die Here alleen roem.

Let op hoe die Here steeds vir Gideon bemoedig en hom die dapper held maak. Nog voordat die Here sê dat Gideon die negeduisend sewehonderd manskappe huis toe moet stuur, belowe die Here dat Hy Israel met driehonderd man sal verlos. Die Here sê nie *Hy kan* of *Hy mag* nie, maar **Hy sal** Israel met driehonderd man verlos.

Hoe dikwels wil ek en jy nog toegerus word en soek ons na nog goed sodat ons uiteindelik kan doen wat die Here ons beveel om te doen. Ons het naderhand so baie toerusting rondom ons bymekaargemaak dat ons nie eers meer weet wat ons eerste moet gebruik nie. Dit is dan wat die Here op sy manier begin om sy kinders te stroop van al die dinge wat hulle bymekaargemaak het. Wanneer die Here sy diensknegte uitstuur om Christus se evangelie aan die verlore gaande wêreld te verkondig, moet hulle nooit kan sê: Dit is oor hierdie of daardie hulpmiddel wat ek dit kon regkry dat nog iemand tot geloof in Christus gekom het nie. Die Here wil dat sy dienskneg uitgaan net met die Here wat sy hand vashou.

Die Here het vir Gideon belowe dat Hy met hom is wanneer die Here hom stuur om Israel van die Midianiete te verlos. Daarom neem die Here al die onnodige manskappe rondom Gideon weg sodat Gideon verseker sal weet en vertrou dat die Here met hom is. Deur hierdie vertrou wat die Gees in Gideon se hart werk, maak die Here van Gideon die gehoor-same instrument in sy hand waarmee die Here kragtige dinge sal doen.

Nadat die Here die manskappe rondom Gideon verminder het tot net die driehonderd wat die Here aangewys het, het die Here in daardie nag vir Gideon beveel om op te staan en af te gaan na die laer van die Midianiete, want die Here gee hulle in Gideon se hand. Gideon word beveel om nou die oorlog te gaan voer, maar hy kom nie dadelik in beweging nie. Dit is asof Gideon versteen staan en weer begin hy wonder – moet hy afgaan met

driehonderd man om hierdie horde Midianiete te verdelg? Na hoeveel keer wat die Here die belofte gegee het dat Hy met Gideon is en dat Hy die Midianiete in sy hand oorgee, kry Gideon dit nog nie reg om die Here se beloftes te vertrou nie.

Dan lê die Here vir Gideon bloot wat regtig in sy hart aan die gang is – Gideon, jy is bang. Die Here berispe hom nie oor sy vrees nie. Die Here gee eerder vir Gideon nog 'n teken waarvoor hy nie eens gevra het nie.

En as jy bang is om af te gaan, gaan jy dan saam met jou dienaar Pura af na die laer toe en luister wat hulle praat; en daarna sal jou hande sterk word, en jy sal in die laer aftrek. (Rigters 7:10-11a AFR53)

Gideon was onder die indruk dat as hy vir die Here 'n teken vra en die Here gee die teken, sal hy regtig die moed hê om te doen wat die Here van hom verwag. Hy het die wolvlies twee maal uitgegooi en die Here vir 'n teken gevra en die Here het elke keer vir hom die teken gegee wat hy gevra het. Maar toe die Here die manskappe met duisende rondom Gideon verminder, het die Here die mat behoorlik onder Gideon uitgeruk. Gideon wou sekerheid kry deur die tekens wat hy self gevra het, maar as die Here sy manskappe verminder en hom weer die opdrag gee om oorlog te voer, is Gideon se moed weg. Hy is van vooraf bang.

Die Here wil nie dat Gideon op die tekens wat hyself uitgedink het, sal vertrou nie. Die Here wil ook nie hê dat Gideon op die duisende manskappe van Israel sal vertrou nie. Hy moet op die Here en die Here alleen sy vertrou stel. Daarom stuur die Here vir Gideon saam met sy dienaar af na die laer van die Midianiete sodat hy self kan hoor wat die Here gaan doen.

Die Here het die droom aan die een soldaat van die Midianiete gegee en die Heilige Gees het die ander soldaat gelei om die droom uit te lê. Die droom sowel as die uitleg was die Here se Woord, en dit was presies dieselfde Woord wat die Here van die begin af met Gideon gespreek het – die Here het belowe om met Gideon te wees en die Midianiete in sy hand oor te gee. Met hierdie laaste teken het die Here vir Gideon teruggebring om eenvoudig die Here se belofte te glo en gehoorsaam te doen wat die Here beveel het.

Geliefdes, die Here roep vir jou en vir my op en stuur ons om Hom in alles te gehoorsaam wat Hy ons beveel. Hy weet dat jou hart nog sal bewe omdat jy bang is om te gaan doen wat Hy jou beveel. Die Here weet ook dat Hy sy kinders soos skape tussen wolwe instuur wanneer Hy hulle beveel om sy opdragte te gaan uitvoer, daarom weet Hy dat ek en jy bang is. Vanoggend laat Hy jou en my weer die tekens van Christus se gebreekte liggaam en gestorte bloed sien. Met hierdie sakrament verseker die Heilige Gees ons dat die beloftes van die Here in Christus ja en amen is. As Hy belowe om met jou te wees wanneer jy moet gaan doen wat Hy jou beveel, is Hy beslis met jou. Vertrou die Here en vertrou Hom alleen.

Amen!

Slotgebed

Psalm 34:8, 9 (p. 169)

- 8 Die HEER's die hart naby / wat gans verbroke^{is} en verskeur.
Die gees wat diep verslae treur, / verlos, bemoedig Hy.
Hoe kom hul altyd weer, / die teespoede van wie hier
regverdig leef; maar Gods bestier / red hulle keer op keer.

- 9 Sy beend're word bewaar: / God sorg dat daar geeneen van breek.
Maar wie hom haat – die onheil wreek / dit op die skuldenaar.
Die HEER sal hul bewaar, / sy volk wat op sy hulp vertrou.
Hy sal hul in sy guns aanskou / en skuldig nooit verklaar.

Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

Psalm 84:2, 3 (p. 424)

- 2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer;
en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak
en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskaare,
welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!
- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte^oin U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,
dan is die HEER self hul fontein / waar dorsland smag van somerdroogte.
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.

Aan tafel: Psalm 146

Met die terugbeweeg: Skrifberyming 1-1 (Sb 24)

Slotpsalm 121:2, 3, 4 (p. 608)

- 2 Bedreig gevaar jou reispad ooit – / Hy is dit wat jou voet
vir wankeling behoed. / Hy, Isr'els wagter, sluimer nooit.
Die HEER is jou ontfermer, / jou skadu en beskermmer.
- 3 Die son wat bo jou trekpad staan, / sal jou nie steek by dag;
die maan ook nie by nag. / Die HEER sal met jou samegaan.
Hy, Israels ontfermer, / is altyd jou beskermmer.
- 4 Die HEER sal jou bly gadeslaan; / in onheil en gevaar
sal Hy jou siel bewaar. / Wanneer jy uit of in mag gaan
Hy, Israels ontfermer, / is ewig jou beskermmer.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
25 November 2018